

# Die Vyfvoudige bediening



**God se plan vir optimale geestelike  
groeï in elke gelowige.**

## Efesiërs 4:11-16 (NLV)

<sup>11</sup> Hý het sommige as apostels gegee, ander as profete, ander as evangeliste, en ander as herders en leraars,

<sup>12</sup> om God se mense toe te rus vir die werk wat hulle in sy diens moet doen. Hulle werk is om Christus se liggaam op te bou.

<sup>13</sup> So sal ons uiteindelik almal deur geloof en deurdadigheid ons die Seun van God ken, 'n eenheid vorm, 'n volmaakte mens, wat aan die standaard van Christus se volmaaktheid voldoen.


<sup>14</sup> Dan, as mense ons met slinksheid en slimstreke op verkeerde paaie wil lei, sal ons nie meer soos klein kindertjies wees nie. Ons sal nie meer omgewaai of weggewaai word deur die wind van elke ding wat hulle verkondig nie.

<sup>15</sup> Nee, terwyl ons mekaar liefhet, sal ons by die waarheid bly en so in alle opsigte groei om soos Christus te wees. Dit werk so: Christus is die Hoof.

<sup>16</sup> Onder leiding van die Hoof is die liggaam goed aanmekaargesit. Al die ondersteunende ligamente hou die liggaam bymekaar. Elke liggaamsdeel vervul sy bestemde funksie, en so, deur liefde te bewys, bou die liggaam homself op.

Ouderlinge van Efese:  
Hand 20:28  
Ouderlinge:  
1 Pet 5:2

Die 12 Mark 3:14  
Paulus - Rom 1:1  
Jakobus - Gal 1:19  
Barnabas - Open 14:4,14  
Andronicus & Junias - Rom 16:7  
Silas - 1 Tes 2:6  
Epaphroditus - Fil 2:25  
Valse apostels - 1 Kor 15:7



Antiogië –  
Open 13:1  
Valse Profete -  
2 Pet 2:1

Fillipus - Hand 21:8  
Timoteus - 2 Tim 4:5

Abraham:  
Gen 20:7  
Vroeë profete:  
Num 12:6; Deut 13:1-5  
Agabus:  
Hand 21:10; 11:28  
Profeet vd Kretensers:  
Tit 1:12

- Elke persoon ken God op 'n diep en intieme vlak.
- Eenheid in die gemeenskap van gelowiges.
- Elke gelowige bereik volwassenheid in Christus.
- Standvastigheid in ons geloof.
- Jesus se karakter en leefstyl word uitgeleef.
- Die geloof gemeenskap sorg en gee om vir mekaar.
- Die liggaam bou, stig en bedien mekaar.



OPTIMALE GROEI



Die **Herder**  
is die ringvinger want  
hy fokus op ons  
verhouding met  
Christus en met  
mekaar.

Die **Evangelis**  
is die langste  
vinger want hy wil  
altyd uitreik na  
verlorenes.

Die **Profeet**  
is die wysvinger  
want hy wys rigting  
aan en wys ook  
foute uit.

die **Leraar**,  
Is die pinkie wie  
se lering lekker  
diep in die oor kan  
ingaan.

Die **Apostel**  
is eerste, die duim  
want hy kan aan al die  
ander vingers raak en  
gee krag aan die greep  
van die hand.

Apostle



**Passie vir die verwesenliking van die koninkryk.**

**Vrug: gelowiges is op Christus as fondament gebou en hulle aanvaar en erken Sy seggenskap oor hulle hele lewe.**

Prophet



**Passie vir die Wil van God.**

**Vrug: duidelikheid oor die wil van God in gelowiges se lewe en/of in bepaalde omstandighede**

Evangelist



**Passie vir Siele.**

**Vrug: Nuwe bekeerlinge en mense wat teruggeval het of afvallig geword het keer terug.**

Pastor



**Passie vir Verhoudinge**

**Vrug: Herstelde verhoudinge, en versoening tussen opponerende partye.**

Teacher



**Passie vir die Woord.**

**Vrug: Mense verstaan en ken die Woord, en word nie meer rondgegooi deur dwaallering nie**



**APOSTEL**  
Pionier / Stigter / Bouer / Inisieerder / Hervormer



**PROFEET**  
Wetgewing / Logistiek / Beleidmaking



**EVANGELIS**  
Bemarking / Verkope / Markkenners



**HERDER**  
Menslike Hulpbronne / Skakeling



**LERAAR**  
Onderrig / Opleiding





**Toegerus om die liggaam te bedien.**

- Dis nie posisies en titels nie. (Geen struktuur)
- Jy word nie aangewys/ver kies tot hierdie posisie nie.

(2 Kor 10:12-17)

- Nie almal is geroep om in een van hierdie bedieninge te staan nie, maar almal moet blootstelling kry aan **AL VYF** hierdie bedieninge.
- Daar is ook ander bedieninge en gawes waarin mense funksioneer soos, vrygewigheid, gasvryheid en administrasie.
- Die fokus is dus nie net om mense in die Vyfvoud Bediening te identifiseer nie.
- Iemand kom tot bekering (**Evangelis**). Die persoon word versorg (**Herder**) en opgelei om weer ander te bedien. (**Lering**) Die persoon word deurentyd bloot gestel aan korreksie en goddelike inspraak, die aktivering van die gawes van die Gees, hoe om God se stem te hoor en onderskei. (**Profeet**) Uiteindelik word die persoon gestuur en bemaagtig om 'n verskil te maak in Jerusalem, Judea, Samaria en die uithoeke van die wêreld. (**Apostel**)
- Al die ampte werk deurentyd in harmonie met mekaar om die gelowige te help om optimaal te groei in Christus.